# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. HSW Strauss
redakteur@apk.co.za

23 Mei 2019

**OMSENDBRIEF 6/2019**

## GEMEENTEGEWENS: KERKJAARBOEK 2020

**AAN ALLE SKRIBAS VAN GEMEENTES**

Geagte Broeder/Suster

Dit is weer tyd dat ons die jongste gegewens van ons gemeentes met die oog op die samestelling van die nuwe Kerkjaarboek (2020) moet byeenkry. Aangeheg is die nodige VORM.

U sal merk dat daar onderaan die vorm ’n blokkie aangebring is waarin skribas/saakgelastigdes duidelik moet aandui dat hulle alle betrokke persone wie se inligting deur hulle deurgegee word, se toestemming het vir die plasing van hierdie inligting in *Die Kerkjaarboek* en op die amptelike webwerf. Sodoende stel ons nie die kerkverband of plaaslike kerke bloot aan die oortreding van die wet op persoonlike inligting nie.

Indien die blokkie gemerk is, aanvaar ons dat die nodige skriftelike toestemming deur die persoon verantwoordelik vir die invul van die vorms by die betrokke persone wie se inligting deurgegee word, gekry is. Indien die blokkie nie gemerk is nie, kan ons slegs die heel basiese inligting van u gemeente publiseer en kan dit kommunikasie bemoeilik.

Ten einde ons in staat te stel om die inligting betyds te verwerk en die Jaarboek betyds te laat verskyn, versoek ons vriendelik dat u soos volg sal reageer:

**SPERDATUM: (die ontvangs van u voltooide vorm): 14 JUNIE 2019.**

E-pos: elsabe.venter@apk.co.za

Posadres:
Die Publikasiekommissie: *Kerkjaarboek 2020*
Posbus 25139
Monumentpark
0105



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

Hierdie inligting is ook op ons webwerf www.apk.co.za beskikbaar en kan elektronies terug-gestuur word.

Indien u probleme of navrae i.v.m. die voltooiing van die vorm het, skakel asseblief by die Kerkkantoor met mev. Elsabé Venter by ontvangs wat die versorging van die administratiewe deel van die *Kerkjaarboek 2020* behartig.

**Ons ondervind elke jaar ’n probleem dat vele gemeentes nie betyds reageer nie. Dit het letterlik honderde telefoonoproepe uit die Kerkkantoor tot gevolg. Ons vra u heelhartige samewerking in hierdie verband! Die beeld en bereikbaarheid van u gemeente, die gehalte en bruikbaarheid van ons Kerkjaarboek, asook kostebesparing vir ons almal, hang daarvan af. Raadpleeg asseblief ook *Handelinge 2010*, bl. 252, 5.1.2.5.**

*Vriendelike groete*



**Ds. HSW Strauss**
**Afdelingshoof: Publikasies**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023